



**Wes-Kaapse
Regering**

Vervoer
en Openbare Werke

Departement van Vervoer en Openbare Werke

**Jaarlikse Prestasieplan vir die
fiskale tydperk van 1 April 2019 tot
31 Maart 2020**

Wes-Kaapse Regering

PR: 10/2019

ISBN-nommer: 978-0-621-47014-7

Gebruik asseblief die volgende kontakbesonderhede om addisionele eksemplare van hierdie dokument te bekom:

Die Hoof: Kommunikasie
Departement van Vervoer en Openbare Werke
Dorpstraat 9
KAAPSTAD
8001
Tel: +0860 212 414
Faks: +27 21 483 7216
E-pos:
transport.publicworks@westerncape.gov.za
Webwerf: www.westerncape.gov.za/dept/tpw

Privaatsak X9185

KAAPSTAD
8000

APOLOGY

We fully acknowledge the requirements of the Western Cape Language Policy and endeavour to implement it. It has been our experience that the English version of this document is in the greatest demand. It will be translated into the other official languages of the Western Cape as soon as possible after the English version has been finalised. In the event of any discrepancy between the English document and the Afrikaans and isiXhosa translations, the English text will prevail.

NOTE

To support the Department's drive for a paperless environment and improved electronic content management, a limited number of hard copies of this Annual Performance Plan 2019/20 will be produced.

VERSKONING

Ons gee volle erkenning aan die vereistes van die Wes-Kaapse Taalbeleid en streef daarna om dit toe te pas. Dit is ons ondervinding dat die Engelse weergawe van die dokument die grootste aanvraag het. Die dokument gaan so gou moontlik in die ander amptelike tale van die Wes-Kaap vertaal word sodra die dokument gefinaliseer is. In die geval van enige teenstrydigheid tussen die Engelse dokument en die Afrikaanse en Xhosa vertalings, sal die Engelse teks geld.

NOTA

Ten einde die Departement se strewe na 'n papierlose omgewing en verbeterde elektroniese inhoud bestuur te ondersteun, sal slegs 'n beperkte aantal harde kopieë van hierdie Jaarlikse Prestasie Plan 2019/20 beskikbaar wees.

ISINGXENGXEZO

Siyawuqonda umgaqo-Nkqubo weelwimi wePhondo kwaye siyazama ukuwufezekisa. Kambe ke esiyiqwalaseleyo yeyokuba lulwimi lwesiNgesi olufunwa ngamandla. Xa olu xwebhu lugqityiwe ukubhalwa ngolwimi lwesiNgesi luya kuguqulelwa ngezinye iilwimi ezisemthethweni zeNtshona Koloni kwakamsinya. Ukuba kukho amakhwiniba kwinguqulelo yesiXhosa nesiBhulu esuka esiNgesini, uxwebhu lwesiNgesi luya kuba lolona lusetyenziswayo.

QAPHELA

Ukuxhasa iphulo leSebe lokuncitshiswa kokusetyenziswa kwamaphepha nophuculo lolawulo lovimba wobuxhakaxhaka bekhompyutha, inani leekopi eziprintiweyo zeSicwangciso sokuSebenza soNyaka sika-2019/20 liza kuncitshiswa.

Voorwoord

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan word uitgereik in die laaste jaar van die lewering van strategiese prioriteite soos uiteengesit in die vyf-jaar Strategiese Plan 2015/16 - 2019/20 van die Departement van Vervoer en Openbare Werke. Ons maak goeie vordering met die verwesenliking van hierdie prioriteite wat vasgestel is met die aanvang van my ampstermyn.

Die Uitvoerende Gesag neem kennis van die vordering wat die Departement gemaak het sedert die aanvaarding van sy strategiese plan en die belangrikste inisiatiewe vir die komende boekjaar, en die mediumtermyn-uitgaweraamwerk in die algemeen. Ek bedank my kabinets-kollegas en die lede van die Staande Komitee vir Vervoer en Openbare Werke vir hul ondersteuning en die volwassenheid wat hulle getoon het tydens emosionele vergaderings gedurende die termyn wat ek as Minister gedien het.

Politieke partye verskil soms wat metodologie verskil, maar dit is vir my duidelik dat die kern van ons vergaderings 'n diepgewortelde verbintenis was om die lewens van ons burgers te verbeter.

In hierdie verband wil ek van die geleentheid gebruik maak om my waardering uit te brei na die uitstekende Departementshoof en haar personeel en my gelukwense uit-sprek vir die verskillende toekennings op hoë vlak, individueel en kollektief aan 'n departement wat werklik sy mense dien. Die fokus wat die Departement plaas op die verbetering van die lewens van ons burgers in die formulering van sy 20-jaar-visie en wat die kern vorm van sy nuwe strategiese plan, is 'n bewys van die diep verbintenis van die Departement om uitvoering te gee aan die gees en letter van die Grondwet van ons Republiek.

Die begroting wat aan my Departement toegeken is, was nie maar net 'n ewekansige versameling getalle nie. Dit is 'n beleidsinstrument wat ontwerp is om seker te maak dat die DVOW sy waardes, ambisies en verbintenisse kan nakom en word geslyp deur hierdie verpligtinge, sowel as deur opkomende realiteite en behoeftes.

Een so 'n werklikheid is klimaatsverandering, wat so sterk weerspieël word in die huidige droogte wat steeds groot dele van die Wes-Kaap aangryp. Die afname in die beskikbaarheid van water het feitlik alle sektore van die ekonomie en alle gemeenskappe beïnvloed. 'n Ander werklikheid is die voortdurende uitdagende algehele ekonomiese omgewing wat gekenmerk word deur swak ekonomiese groei, toenemende werkloosheid en voortslepende armoede. Hierdie werklikheid sal beide ons intervensies lei, en dit sal 'n impak hê op die vermoë van die fiskus om nog vir baie jare die graad van hierdie intervensies te bepaal.

Ek is veral bekommerd oor ons padinfrastruktuur, wat 'n belangrike en strategiese bate is en toegang tot geleenthede bied en bydra tot ekonomiese groei en werkskepping.

Alhoewel 'n groot deel van die padnetwerk in 'n redelike tot goeie toestand is, bereik 'n groot deel van die geplaveide netwerk die einde van die ontwerpleeftyd, met onderhoud en die agterstand in onderhoud wat steeds deur begrotingsbeperkings belemmer word.

Die instandhouding van bestaande infrastruktuur is 'n sentrale komponent van die verskillende maatreëls wat nodig is om veerkragtigheid te verseker. Historiese en huidige befondsingsvlakke vir die Mediumtermyn-uitgaweraamwerk is egter eenvoudig onvoldoende vir hierdie doel. Die besorgdhede hierbo is soortgelyk aan ons provinsiale regeringinfrastruktuur wat integrasie, volhoubaarheid, billikheid, omgewingsensitiwiteit, ekonomiese groei en sosiale bemagtiging bevorder.



Ondanks hierdie uitdagings is ek vol vertroue dat die Departement sal voortgaan om die impak daarvan te maksimeer deur die beste gebruik van die bronne tot sy beskikking. Die Departement van Vervoer en Openbare Werke het 'n bewese bedryfsrekord binne 'n beperkte fiskale omgewing en het verskillende benaderings en strategieë ontwikkel om die impak van hierdie beperkings te verlig. Ons is deeglik bewus daarvan dat dit duurder is om infrastruktuur wat nie voldoende onderhou is nie, te vervang as om dit in die eerste plek behoorlik te onderhou.

Hierdie instandhouding eerste-beginsel is van toepassing op die padnetwerk, veral op ons besigste paaie. Ons belegging in nuwe paaie gaan plaasvind op plekke waar sodanige belegging die beste ekonomiese groei ondersteun of toegang tot geleenthede maksimeer.

Ons jongste verslag oor eiendomsdoeltreffendheid toon 'n voortgesette verbetering in ons gebruik van eiendomme wat deur die Wes-Kaapse Regering besit word, sowel as eiendom wat gehuur word. In hierdie verband is ek trots om te rapporteer dat werkruimtes meer doeltreffend aangewend is, terwyl die energieverbruik in die 2017/18-boekjaar afgeneem het. Waterverbruik het veral gedaal en die totale verbruik van elektrisiteit per vierkante meter per jaar was ver onder dié van die privaatsektor. Hier moet ek beklemtoon dat die afname in waterverbruik laat in 2018 vooraf gegaan is deur die instelling van verdere waterbeperkings.

Gedurende my ampstermyn was ek veral besorg en het opdrag gegee dat oplossings gevind word vir die onheilspellende toestand van die Wes-Kaapse spoorwegpendeldiens, veral in Kaapstad. Baie van ons mense is afhanklik van openbare vervoer en veral van die trein. In die komende jaar sal die Departement voortgaan om saam met Metrorail Wes-Kaap, die Passasierspooragentskap van Suid-Afrika en die Stad Kaapstad te werk om die spoorwegdienste te stabiliseer en te verbeter. Ons sien reeds die eerste suksesse van die verbintenis van R16 miljoen wat elk van die bogenoemde partye gedurende 2018 aangegaan het om by te dra tot 'n gesamentlike spoorveiligheidsinisiatief, met talle arrestasies wat uitgevoer is en omstandighede by stasies en op spoorvragwaens wat aanvanklike tekens van verbetering toon. Die Departement sal voortgaan om wetgewing te versterk waar toepaslik om duidelikheid te bewerkstellig en om die rol wat ons hierin en op ander probleemterreine kan speel, te versterk.

Daar is talle suksesse op die gebied van padveiligheid aangeteken, insluitend die vennootskappe en integrasie wat tussen wetstoepassende owerhede bewerkstellig is om distrikveiligheidsplanne in werking te stel, die bekendstelling van asemhalingstoetsing, en uitgebreide kommunikasie- en bewusmakingsveldtogte oor verkeersveiligheid. Ongelukkig is die realiteit dat baie padgebruikers steeds hul lewens verloor deur voorkombare padongelukke.

My Departement beklemtoon die belangrike verantwoordelikheid wat op padgebruikers rus om hul gedrag te verander om hierdie bloedbad te stop. Ek glo die tegnologiese maatreëls om die handhawing van verkeerswetgewing te verbeter, soos elektroniese toestelle wat toegang gee tot geïntegreerde data vanuit 'n verskeidenheid bronne langs die pad, sal ons intelligensie, operasionele vermoë en pogings om ons paaie veiliger te maak, baie versterk.

Dit is egter steeds die plig van die samelewing as geheel om saam met ons te werk om die algemene verontagsaming van ons verkeerswette te ontmoedig en uit die weg te ruim en 'n kultuur van respek vir en gehoorsaamheid aan die wet te ontwikkel.






D GRANT
UITVOERENDE GESAG
DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE
Datum: 20 Februarie 2019


Amptelike bekragting

Ons, die ondergetekendes, sertifiseer hiermee dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan 2019/20:

1. die vyfde jaar van die vyf-jaar Strategiese Plan 2015/16 – 2019/20 is;
2. ontwikkel is deur die bestuur van die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) onder leiding van die Uitvoerende Gesag, Donald Grant;
3. bely is met die huidige Strategiese Plan van die DVOW; en
4. 'n akkurate weerspieëling is van die prestasieteikens wat die DVOW van voorneme is om met die hulpbronne te behaal wat in die Begrotingsramings van Provinsiale Inkomste en Uitgawes 2019 vir Begrotingspos 10: Vervoer en Openbare Werke beskikbaar gestel is.

LEDE VAN DIE SENIOR BESTUURSDIENS

	Jacqueline Gooch Departementshoof (Rekenpligtige Beampte)
	Chantal Smith Adjunkdirekteur-generaal: Finansies (Hoof- Finansiële Beampte)
	Gerrit van Schalkwyk Adjunkdirekteur-generaal: Strategie, Beplanning en Koördinerings (Waarnemend)
	Gavin Kode Adjunkdirekteur-generaal: Provinsiale Openbare Werke
	Kyle Reinecke Adjunkdirekteur-generaal: Vervoerbestuur
	Kenneth Africa Hoofdirekteur: Verkeersbestuur
	Gerrit van Schalkwyk Hoofdirekteur: Beleid en Strategie Integrasie
	Ramesh Maharaj Hoofdirekteur: Strategiese Bestuur en Bedryfsondersteuning
	Richard Petersen Hoofdirekteur: Gemeenskapsgebaseerde Programme
	Thiagaraj Pillay Hoofdirekteur: Eenheid vir Openbare-private Vennootskappe
	Ronel Judin Hoofdirekteur: Onroerende Batebestuur
	Andrea Campbell

	Hoofdirekteur: Algemene Infrastruktuur
	Hoofdirekteur: Onderwysinfrastruktuur
	Hoofdirekteur: Gesondheidsinfrastruktuur
	Hoofdirekteur: Vervoeroperasies
	Hoofdirekteur: Vervoerregulering
	Hoofdirekteur: Padnetwerkbestuur

Goedgekeur deur:



D GRANT

UITVOERENDE GESAG

VERVOER EN OPENBARE WERKE

Datum: 20 Februarie 2019

Inhoud

Akronieme	1
Deel A: Strategiese oorsig	4
1 Visie	4
2 Missie	4
3 Waardes	4
4 Wetgewende en ander mandate	6
4.1 Grondwetlike mandate	6
4.2 Wetgewende mandate	7
4.3 Beleidsmandate	7
4.4 Internasionale strategiese konteks	7
4.5 Nasionale strategiese konteks	8
4.6 Provinsiale strategiese konteks	13
4.7 Plaaslike regering konteks	20
4.8 Beplande beleid- en strategie-inisiatiewe	21
5 Ontleding van omstandighede	23
5.1 Politieke omgewing	23
5.2 Ekonomiese omgewing	24
5.3 Sosiale omgewing	24
5.4 Tegnologiese omgewing	25
5.5 Fisiese omgewing	27
5.6 Regsomgewing	28
5.7 Veiligheids- en sekuriteitsomgewing	29
5.8 Prestasie-omgewing	30
5.9 Organisatoriese omgewing	41
5.10 Beskrywing van die strategiese beplanningsproses	43
6 Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte	46
7 Strategiese doelwitte	47
8 Risikoprofiel	47
9 Oorsig van 2019 Begroting en MTUR Beramings	48
9.1 Mediumtermyn inkomste	48
9.2 Uitgaweberamings	52
9.3 Koppeling van uitgawetendense aan Strategiese Doelwitte	53
Deel B: Program- en Subprogramplanne	56
10 Program 1: Administrasie	57
10.1 Strategiese Doelwit Jaarteikens vir 2019/20	57
10.2 Program Prestasie-aanwysers en Jaar- en Kwartaalteikens vir 2019/20	58
10.3 Rekonsiliëring van Prestasie-teikens met die Begroting en MTUR	60
10.4 Risikobestuur	61
11 Program 2: Openbare Werke Infrastruktuur	62
11.1 Strategiese Doelwit Jaarteikens vir 2019/20	62
11.2 Program Prestasie-aanwysers en Jaar- en Kwartaalteikens vir 2019/20	63
11.3 Rekonsiliëring van Prestasie-teikens met die Begroting en MTUR	69
11.4 Risikobestuur	70
12 Program 3: Vervoerinfrastruktuur	71

12.1 Strategiese Doelwit Jaarteikens vir 2019/20	71
12.2 Program Prestasie-aanwysers en Jaar- en Kwartaalteikens vir 2019/20.....	72
12.3 Rekonsiliëring van Prestasie-teikens met die Begroting en MTUR.....	76
12.4 Risikobestuur	77
13 Program 4: Vervoeroperasies	78
13.1 Strategiese Doelwit Jaarteikens vir 2019/20	79
13.2 Program Prestasie-aanwysers en Jaar- en Kwartaalteikens vir 2019/20.....	79
13.3 Rekonsiliëring van Prestasieteikens met die Begroting en MTUR.....	82
13.4 Risikobestuur	83
14 Program 5: Regulering van vervoer	84
14.1 Strategiese Doelwit Jaarteikens vir 2019/20	84
14.2 Program Prestasie-aanwysers en Jaar- en Kwartaalteikens vir 2019/20.....	85
14.3 Rekonsiliëring van Prestasieteikens met die Begroting en MTUR.....	89
14.4 Risikobestuur	90
15 Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme	91
15.1 Strategiese Doelwit Jaarteikens vir 2019/20	91
15.2 Program Prestasie-aanwysers en Jaar- en Kwartaalteikens vir 2019/20.....	92
15.3 Rekonsiliëring van Prestasieteikens met die Begroting en MTUR.....	94
15.4 Risikobestuur	95
Deel C: Koppeling met ander planne	96
16 Koppeling met langtermyn infrastruktuurplanne	96
17 Voorwaardelike toekennings.....	97
18 Openbare entiteite.....	103
19 Openbare-private-vennootskappe.....	103
20 Departementele Evalueringsplan (DEP) 2019/20	104
Bylae A	106
21 Wetgewende mandate	106
Bylae B.....	114
22 Beleidsmandate	114
Bylae C	117
23 Infrastruktuurprojekte	117
Bylae D	137
Bylae E.....	139

Lys van tabelle

Tabel 1: Breedvoerige verduideliking van die betekenis van elke kernwaarde van die WKR	4
Tabel 2: Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte	7
Tabel 3: Kritieke uitdagings	8
Tabel 4: Belyning tussen die aktiwiteite van die DVOW en die NOP	10
Tabel 5: Staatsplanne wat bydra tot die visie van die NOP	12
Tabel 6: MTSR Prioriteitsuitkomst	13
Tabel 7: EenKaap 2040: Spesifieke oorgangsgebiede	13
Tabel 8: PSD-skakeling met die DVOW se prestasie-omgewing	16

Tabel 9: UOWP-teikens 2018/19 – 2020/21	39
Tabel 10: Indiensneming en vakatures per Program, soos op Februarie 2019	43
Tabel 11: Indiensneming en vakatures per salarisband, soos op Februarie 2019	43
Tabel 12: Departement se Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte.....	46
Tabel 13: Risiko-assessering van Departementele Uitkomsgeoriënteerde Strategiese Doelwitte	47
Tabel 14: Begroting vir Programstruktuur 2019/20.....	56
Tabel 15: Strategiese Doelwitte	57
Tabel 16: Strategiese Doelwit Aanwysers en Teikens	58
Tabel 17: Program Prestasie-aanwysers, Mediumtermyn Teikens en Kwartaalteikens vir Program 1: Administrasie	59
Tabel 18: Strategiese Doelwitte	62
Tabel 19: Strategiese Doelwit Aanwysers en Teikens	62
Tabel 20: Program Prestasie-aanwysers, Mediumtermyn Teikens en Kwartaalteikens vir Program 2: Provinsiale Openbare Werke	64
Tabel 21: Strategiese Doelwitte	71
Tabel 22: Strategiese Doelwit Aanwysers en Mediumtermyn Teikens vir Program 3: Vervoerinfrastruktuur	71
Tabel 23: Program Prestasie-aanwysers, Mediumtermyn Teikens en Kwartaalteikens vir Program 3: Vervoerinfrastruktuur	73
Tabel 24: Strategiese Doelwitte	78
Tabel 25: Strategiese Doelwit Aanwysers en Teikens	79
Tabel 26: Program Prestasie-aanwysers, Mediumtermyn Teikens en Kwartaalteikens vir Program 4: Vervoeroperasies	80
Tabel 27: Strategiese Doelwitte	84
Tabel 28: Strategiese Doelwit Aanwysers en Teikens	85
Tabel 29: Program Prestasie-aanwysers, Mediumtermyn Teikens en Kwartaalteikens vir Program 5: Vervoerregulasie	86
Tabel 30: Strategiese Doelwitte	91
Tabel 31: Strategiese Doelwit Aanwysers en Teikens	91
Tabel 32: Program Prestasie-aanwysers, Mediumtermyn Teikens en Kwartaalteikens vir Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Programme	93
Tabel 33: Opsomming van beplande evaluerings vir 2019/20 - 2021/22	105
Tabel 34: Opsomming van besonderhede van uitgawes vir infrastruktuur per kategorie	117
Tabel 35: Opsomming van besonderhede van uitgawes vir infrastruktuur per kategorie - Algemene provinsiale geboue.....	119
Tabel 36: Opsomming van besonderhede van uitgawes vir infrastruktuur per kategorie - Program 3 Vervoerinfrastruktuur	124

Lys van figure

Figuur 1: Kernwaardes van die WKR	4
Figuur 2: Provinsiale Strategiese Doelwitte	14

Akronieme

AARTO	Wet op die Administratiewe Beregting van Padverkeermisdrywe, 1998
AJV	Algemene jaarvergadering
OGSA	Ouditeur-generaal van Suid-Afrika
AIMS	Batebestuurinligtingstelsel
ANPR	Outomatiese Nommerplaatherkenningstelsel
JPP	Jaarlikse Prestasieplan
BBSEB	Breëbasis swart ekonomiese bemagtiging
SKP	Sake-kontinuiteitsplan
BSV	Bussnelvervoer
C-AMP	Beskermheer Onroerende Bate Bestuursplan
HD	Hoofdirekteur
KvW	Koste van werknemers
SK	Stad Kaapstad
VPA/VPI	Verpersoonlikte prestasie-aanwyser / Verbruikersprysindeks
KDS	Korporatiewe Dienstesentrum
KJSS	Kinder- en Jeugsorgsentrum
D	Direkteur
DPMV	SAPD Direktoraat van Prioriteitsmisdaadvoorkoming (die Valke)
ADG	Adjunkdirekteur-generaal
DEP	Departementele Evalueringsplan
WVVI	Wet op die Verdeling van Inkomste
DSG	Departementele Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwit
DVP	Distriksveiligheidsplan
DTPW	Departement van Vervoer en Openbare Werke
BOI	Bestuur onder die invloed (van alkohol)
EBAT	Forensiese asemtoets vir alkohol
IRSA	Ingenieursraad van Suid-Afrika
EE	Diensbillikheid
EmplA	Bemagtigingsimpakassessering
UOWP	Uitgebreide Openbare Werke-program
UOWPGT	Uitgebreide Openbare Werke-program Geïntegreerde Toelae vir Provinsies
UOWP-VS	UOWP Verslagdoeningstelsel
VWK	Voltydse werknemer koste
VE	Voltydse ekwivalent
GIAMA	Wet op die Bestuur van Onroerende Regeringsbates, 2007
GIPN	George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk
GIS	Geografiese inligtingstelsel
SMV	Staatsmotorvervoer
GPS	Studie oor groeipotensiaal van dorpe in die Wes-Kaap

AERP	Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk
ROB	Register van Onroerende Bates
IKT	Inligting- en kommunikasietegnologie
ILBS	Infrastruktuurleweringbestuurstelsel
GOP	Geïntegreerde ontwikkelingsplan
IOS	Industriële Ontwikkelingsone
IMF	Internasionale Monetêre Fonds
IPIP	Infrastruktuurprogramimplementeringsplan
IPMP	Infrastruktuurprogrambestuursplan
IoT	Internet van dinge
GOVN	Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk
IT	Inligtingstegnologie
GIS	Geïntegreerde Intelligensiesentrum
GVP	Geïntegreerde vervoerplan
GSOR	Geïntegreerde Stedelike Ontwerpsraamwerk
LUR	Lid van die (provinsiale) Uitvoerende Raad
MTUR	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
MTSR	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk
NaTIS	Nasionale Verkeersinligtingstelsel
NDV	Nasionale Departement van Vervoer
NOP	Nasionale Ontwikkelingsplan
NDOW	Nasionale Departement van Openbare Werke
NEP	Nasionale Evalueringsplan
NLTA	Nasionale Padvervoerwet, 2009
NGV	Niegemotoriseerde vervoer
NVG	Nasionale Vervolgingsgesag
NRSSC	Nasionale Bestuurskomitee vir Padveiligheid
OLP	Operateur Lisenasiering en Permitte (DVOW Direktoraat)
BSB	Beroep-spesifieke Bedeling
PEP	Provinsiale Evalueringsplan
EDV	Eiendomsdoeltreffendheidsverslag
PEOV	Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig
PLTF	Provinsiale Padvervoerraamwerk
OPV	Openbare-private vennootskap
PRASA	Suid-Afrikaanse Spoorvervoeragentskap
PRMG	Provinsiale Paaie-onderhoudtoekenning
PRE	Provinsiale Regulatoriese Entiteit
PROR	Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
PSD	Provinsiale Strategiese Doelwit
PVV	Provinsiale Volhoubare Vervoerprogram
PSP	Provinsiale Strategiese Plan
PTOG	Toekenning vir openbarevervoerbedrywe

PTRS	Openbare Vervoer Regulatoriese Stelsel
QMS	Toubestuurstelsel
RAMS	Padbatebestuurstelsel
EAT	Ewekansige Asemtoets
RCAM	Padklassifikasie- en -toegangsbestuur
RISFSA	Suid-Afrika se strategiese raamwerk vir padinfrastruktuur
RSM	Padveiligheidsbestuur (DVOW Direktooraat)
SANTACO	Suid-Afrikaanse Nasionale Taxiraad
SAPD	Suid-Afrikaanse Polisie
VKB	Voorsieningskanaalbestuur
ROR	Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk
VOD	Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte
DLVP	Diensleweringverbeteringsplan
SBO	Staatsbeheerde onderneming
SBP	Standaardbedryfsprosedures
STP	Strategiese Talentplan
TMH	Tegniese metodes vir hoofweë
UNFCCC	Verenigde Nasies se Raamwerkkonvensie oor Klimaatverandering
VSSC	Vangate Gedeelde Dienstesentrum
WKOD	Wes-Kaapse Onderwysdepartement
WKVAM	Wes-Kaapse Vragaanvraagmodel
WKR	Wes-Kaapse Regering
WKIR	Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk
WG	Werkseleentheid

Deel A: Strategiese oorsig

1 Visie

Die Departement van Vervoer en Openbare Werke (DVOW) ondersteun die Wes-Kaapse Regering se visie, soos vervat in die provinsiale strategiese plan 2014 – 2019, ten volle:

“'n Opegeleentheid-samelewing vir almal”.

Die DVOW se visie stem ooreen met die visie van die WKR:

“Om die pas aan te gee in die lewering van regeringsinfrastruktuur en verwante dienste.”

2 Missie

“Die DVOW lewer infrastruktuur en dienste ter bevordering van sosio-ekonomiese uitkoms en veilige, bemagtigde en verbindende gemeenskappe.”

3 Waardes

Die DVOW onderskraag die kernwaardes van die Wes-Kaapse Regering ten volle:

Figuur 1: Kernwaardes van die WKR



Hierdie waardes word almal deur spanwerk onderskraag. 'n Breedvoerige verduideliking van die betekenis van elk van hierdie kernwaardes word in Tabel 1 verskaf.

Tabel 1: Breedvoerige verduideliking van die betekenis van elk van die kernwaardes van die WKR

Waarde	Verklaring oor gedrag
--------	-----------------------

Waarde	Verklaring oor gedrag
Sorgsaamheid	Ons sal poog om mense se behoeftes te verstaan en aandag daaraan te skenk; Ons sal respek teenoor ander betoon; Ons sal personeellede as meer as blote werkers behandel en hulle as mense na waarde ag; Ons sal empatie teenoor personeellede toon; Ons sal die positiewe kenmerke van die werkplek beklemtoon; en Ons sal opbouende kritiek lewer wanneer nodig.
Bevoegdheid	Ons sal poog om te verseker dat personeellede altyd daartoe in staat is om die take te verrig waarvoor hulle aangestel is, dat hulle die DVOW se waardes internaliseer, en dat hulle altyd uitnemendheid nastreef; Ons sal met gehaltewerk, binne begroting en betyds ons gestelde uitkomste en teikens behaal; Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal; en Ons sal saam daaraan werk om ons grondwetlike verpligtinge sowel as die verpligtinge van ons verkose mandaat na te kom.
Aanspreeklikheid	Ons verstaan ons doelwitte, rolle, delegasies en verantwoordelikhede ten volle; Ons is daartoe verbind om alle ooreengekome uitsette betyds te lewer; Ons hou mekaar aanspreeklik in die gees van onderlinge vertroue en gestanddoening van al ons verpligtinge; en As individue sal ons verantwoordelikheid en eienaarskap aanvaar vir die resultate van ons werk en die gevolge dra wanneer ons nie hieraan voldoen nie.
Integriteit	Ons sal daarna streef om die ware toedrag van sake in elke situasie te verstaan en ten alle tye met integriteit optree; Ons sal eerlik wees, respek betoon en positiewe waardes beoefen; Ons sal ten alle tye betroubaar en vertroubaar wees deur te doen wat ons beloop het om te doen; en Ons sal ten alle tye in alle gevalle met integriteit optree en sodoende verseker dat ons korrupsie-vry bly.
Innovering	Ons streef daarna om nuwe idees te implementeer, dinamiese diensopsies te skep en dienste te verbeter; Ons streef daarna om kreatiewe denkers te skep wat uitdagings en geleenthede vanuit alle moontlike perspektiewe beskou; Ons is burgersentries en het die vermoë om alle opsies te oorweeg en 'n vindingryke oplossing te vind; Ons waardeer werknemers wat bestaande praktyke bevraagteken met die oog daarop om hulle te hersien, te vernuwe en te verbeter; Ons kweek 'n omgewing waarbinne innoverende idees aangemoedig en beloon word; Ons het begrip vir foute wat in goedertrou begaan is en laat toe dat werknemers daaruit leer; en Ons werk saam daaraan om probleme op te los sodat ons strategiese organisatoriese doelwitte verwesenlik kan word.

Waarde	Verklaring oor gedrag
Responsiwiteit	Ons neem die openbare mening ernstig op deur te luister na en die stem van die mense te hoor (luister meer en praat minder); Ons sal tydig op alle situasies reageer en onself altyd afvra of dit die regte antwoord is, waar dinge dalk skeef kan loop en hoe ons h' beter diens kan lewer; Ons sal op 'n samewerkende wyse met mekaar, ons belanghebbers en die media in gesprek tree deur al die inligting te verskaf; en Ons sal daarna streef om die beste resultate tot diens van alle mense van die Wes-Kaap te behaal en om op hulle terugvoering te reageer.

4 Wetgewende en ander mandate

Die DVOW se mandaat word ontleen aan die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierna verwys na as die Grondwet) en die Grondwet van die Wes-Kaap, 1997 (Wet 1 van 1998).

Sekere mandate is gelyklopende verantwoordelikhede, terwyl ander die uitsluitlike verantwoordelikheid van die provinsiale regeringsfeer is. Hierdie mandate, asook dié wat uit funksionele wetgewing en beleid ontleen is, word in hierdie afdeling uiteengesit.

4.1 Grondwetlike mandate

Ingevolge Skedule 4, Deel A van die Grondwet, saamgelees met ander wetgewing, is die DVOW gelyklopend verantwoordelik vir die volgende funksionele gebiede van wetgewende bevoegdheid:

- Openbare vervoer (die gelyklopende nasionale departement is die Departement van Vervoer);
- Openbare werke, maar slegs wat betref die behoeftes van provinsiale regeringsdepartemente in die uitvoering van hul verantwoordelikhede om funksies te verrig wat spesifiek aan hulle toegeken is ingevolge die Grondwet of enige ander wet (die gelyklopende nasionale departement is die Departement van Openbare Werke);
- Voertuiglisensiëring (die gelyklopende nasionale departement is die Departement van Vervoer); en
- Regulering van padverkeer.

Ingevolge Skedule 5, Deel A, saamgelees met ander wetgewing, is die DVOW alleen verantwoordelik vir die volgende funksionele gebiede van wetgewende bevoegdheid:

- Provinsiale paaie en verkeer.

Die DVOW word ook gelei deur die Grondwet van die Wes-Kaap in die uitvoering van sy pligte in die funksionele gebiede soos beoog in Skedule 4 en 5 van die Grondwet.

4.2 Wetgewende mandate

Nasionale, provinsiale en transversale wetgewing wat die DVOW lei in die uitvoering van sy verantwoordelikhede word in Bylae A beskryf.

4.3 Beleidsmandate

Nasionale en provinsiale beleide, strategieë en riglyne wat die DVOW lei in die uitvoering van sy funksies word in Bylae B beskryf.

4.4 Internasionale strategiese konteks

Die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD'e), die sentrale besprekingspunt van die 2030 Agenda vir Volhoubare Ontwikkeling, is deur die Verenigde Nasies Volhoubare Ontwikkeling Spitsberaad in September 2015 goedgekeur. Die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte gee 'n uiteensetting van die DVOW se internasionale strategiese konteks. Die VOD'e is geïntegreer en onverdeelbaar en balanseer die drie dimensies van volhoubare ontwikkeling, naamlik ekonomiese, sosiale en omgewingsontwikkeling. Daar is 17 Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte en 169 teikens wat die omvang en ambisie van die nuwe universele agenda aantoon. Die VOD'e word in Tabel 2 gelys.

Tabel 2: Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte

Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte	
1.	Beëindig oral alle vorme van armoede.
2.	Beëindig hongersnood, behaal voedselsekuriteit en verbeterde voeding en bevorder volhoubare landbou.
3.	Verseker gesonde lewens en bevorder welstand vir almal op alle ouderdomme.
4.	Verseker inklusiewe en billike gehalte onderwys en bevorder lewenslange leergeleenthede vir almal.
5.	Bereik geslagsgelykheid en bemagtig alle vroue en meisies.
6.	Verseker beskikbaarheid en volhoubare bestuur van water en sanitasie vir almal.
7.	Verseker toegang tot bekostigbare, betroubare, volhoubare en moderne energie vir almal.
8.	Bevorder volgehoue, inklusiewe en volhoubare ekonomiese groei, volledige en produktiewe indiensneming en ordentlike werk vir almal.
9.	Bou veerkragtige infrastruktuur, bevorder inklusiewe en volhoubare industrialisasie en bevorder innovasie.
10.	Verminder ongelykheid binne en tussen lande.
11.	Maak stede en menslike nedersettings inklusief, veilig, veerkragtig en volhoubaar.
12.	Verseker volhoubare verbruiks- en produksiepatrone.
13.	Neem dringend stappe om klimaatsverandering en die gevolge daarvan te beveg (let op ooreenkomste wat deur die UNFCCC * forum gemaak is).
14.	Bewaar en gebruik die oseane, seë en mariene hulpbronne op 'n volhoubare manier ten einde volhoubare ontwikkeling te verseker.

Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte	
15.	Die beskerming, herstel en volhoubare gebruik van landelike ekosistels, die volhoubare bestuur van woude, die bestryding van woestynvorming en die agteruitgang van die land, en stop die verlies van biodiversiteit.
16.	Bevorder vreedsame en inklusiewe samelewings vir volhoubare ontwikkeling, bied toegang tot geregtigheid vir almal en bou effektiewe, verantwoordbare en inklusiewe instellings op alle vlakke.
17.	Versterk die implementeringsmiddele en herleef die wêreldwye vennootskap vir volhoubare ontwikkeling.

Bron: Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VN-webwerf)

* UNFCCC = Verenigde Nasies Raamwerkkonvensie oor Klimaatverandering.

4.5 Nasionale strategiese konteks

Die nasionale strategiese riglyne wat hieronder beskryf word, lei die DVOW se Strategiese Plan 2015/16 – 2019/20.

4.5.1 Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP): Visie 2030

Die NOP 2030: Ons Toekoms – Laat dit Werk is die sleutel langtermyn nasionale strategiese raamwerk. Die plan verskaf 'n uiteensetting van ses onderling gekoppelde verwante prioriteite:

- Die vereniging van alle Suid-Afrikaners rondom 'n algemene program om voorspoed en billikheid te verseker;
- Bevordering van aktiewe burgerskap om ontwikkeling, demokrasie en verantwoordbaarheid te versterk;
- Die verkryging van vinniger ekonomiese groei, hoër beleggings en groter arbeidsopname;
- Fokus op sleutelvermoëns van mense en die staat;
- Die ontwikkeling van 'n bekwame en ontwikkelende staat; en
- Moedig sterk leierskap in die samelewing aan om saam te werk om probleme op te los.

Die NOP beklemtoon die uitdaging verbonde aan die implementering van beleide en 'n gebrek aan uitgebreide vennootskappe as die hoofredes vir stadige vordering. Die belangrikste kritieke uitdagings en aanbevelings wat in die NOP geïdentifiseer en in die besonder van toepassing is op die funksies en aktiwiteite van die DVOW word in Tabel 3 beskryf.

Tabel 3: Kritieke uitdagings

Groeï en werke	Verminder die nadelige uitwerking van armoede op miljoene Suid-Afrikaners op die korttermyn.
	Brei die openbare indiensnemingsprogramme uit na twee miljoen deelnemers teen 2020. Namate die aantal poste in die formele en informele sektor uitbrei, kan openbare werk programme afgeskaal word.

Infrastruktuurontwikkeling	Verhoog belegging in openbare vervoer en los bestaande beleidswessies vir openbare vervoer op, insluitend beleggings in die private sektor. Beide die openbare en private belegging moet aangewend word vir die uitbreiding van busdienste, opknapping van passasiertreine, die koppeling van 'n hoë-volume gange en die integrering van al hierdie aspekte in 'n doeltreffende diens. Die regering moet hierdie beleggings koördineer om skaalekonomieë optimal te laat funksioneer.
	Synchroniseer en belyn die lewering van infrastruktuur tussen die regeringsfere om volhoubare ekonomiese groei te bevorder.
	Om vinniger en op 'n meer inklusiewe manier te groei, het die land hoër vlakke van kapitaalbesteding in die algemeen en spesifiek openbare belegging nodig.
	Met verwysing na akkommodasie, moet die beginsel van gebruikers wat betaal vir dienste wat gelewer is, ingefaseer word.
Ruimtelike ontwikkeling	Voorsien meer betroubare en bekostigbare openbare vervoer, met beter koördinerings tussen munisipaliteite en tussen verskillende vorms van vervoer.
	Voorsien infrastruktuur wat ruimtelike en ander logiese behoeftes aanspreek.
	Korter reisafstande en toename in stedelike bevolkingsdigtheid.
	Voorsiening van landelike vervoerstrategieë en infrastruktuur om landelike ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling te ondersteun.
Hervormings in die staatsdiens	Versterking van die regering se rol in die ontwikkeling van die spesialis tegniese vaardighede wat nodig is om sy kernfunksies te vervul. Ontwikkel toepaslike loopbaanpaaie vir tegniese spesialiste.
	Ontwikkeling van 'n bekwame en professionele staatsdiens.
	Verduidelik die rolle en toewysing van openbare vervoer verantwoordelikhede aan die laagste bevoegde sfeer.
	Volg 'n minder hiërargiese benadering tot interdepartementele koördinerings, sodat die meeste probleme tussen amptenare deur daaglikse interaksies opgelos kan word.

Die NOP verklaar dat beleidsverandering nodig mag wees om die plan in sommige gevalle uit te voer, maar op die meeste gebiede gaan dit daarvoor om die basiese beginsels reg te stel, regeringsprogramme te implementeer, mense aanspreeklik te hou vir hul optrede en om innoverende oplossings vir ingewikkelde uitdagings te vind. Die aktiwiteite van die DVOW reageer op die kritieke uitdagings wat in die NOP geïdentifiseer is op die maniere wat in Tabel 4 beskryf word.

Tabel 4: Belyning tussen die aktiwiteite van die DVOW en die NOP

Infrastruktuurontwikkeling	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
Verhoog die belegging in openbare vervoer en los die bestaande openbare vervoerbeleidskwessies op, insluitend belegging in die privaatsektor, aangesien openbare en private beleggings moet strek tot die uitbreiding van busdienste, die opknapping van passasierstreine, die koppeling van hoëvolume-gange en die integrering daarvan in 'n effektiewe diens.	3: Vervoerinfrastruktuur; en 4: Vervoeroperasies	• Vervoerinfrastruktuur; • Gesubsidieerde buskontrakdienste; • Elektroniese monitoring van gesubsidieerde busdienste; • Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk (GIPTN); en • Provinsiale program vir volhoubare vervoer (PSTP) wat buite die grense van die stad Kaapstad (SK) werk.
Om vinniger en op 'n meer inklusiewe manier te groei, het die land hoër vlakke van kapitaalbesteding in die algemeen en spesifiek openbare belegging nodig.	2: Openbare Werke Infrastruktuur; en 3: Vervoerinfrastruktuur	• Model vir meer effektiewe lewensbestaan ("Better Living Model"); • Openbare Werke Infrastruktuur (algemene provinsiale akkommodasie – onderhoud en bouwerk); en • Vervoerinfrastruktuur.
Ruimtelike ontwikkeling	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
Voorsien meer betroubare en bekostigbare openbare vervoer, met beter koördinerings tussens munisipaliteite en tussens verskillende vorms van vervoer, in ooreenstemming met die vereistes van die Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk (PROR).	1: Administrasie; 3: Vervoerinfrastruktuur; 4: Vervoeroperasies; en 5: Regulering van vervoer.	• PVV; • Provinsiale Padvervoerraamwerk (PLTF); • Padinfrastruktuurbeplanning en -ontwerp; • Geïntegreerde vervoerplanne (GVP'e); • Gesubsidieerde buskontrakdienste; • Elektroniese monitoring van gesubsidieerde busdienste; • GIPTN; • Veilig Tuis-program en Operateurlisensiering; • Geïntegreerde openbare vervoer; • Wes-Kaapse Provinsiale Wetsontwerp op Spoorvervoer; • Eenheid vir spoorvervoerwetstoepassing.

Ruimtelike ontwikkeling	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
Verkorte reisafstande, verbeterde reistye en digter stedelike bevolking.	1: Administrasie; 2: Openbare Werke Infrastruktuur; 3: Vervoerinfrastruktuur; en 4: Vervoeroperasies.	• Provinsiale Padvervoerraamwerk; • Algemene provinsiale kantoorgebou akkommodasie – Kantoormoderniseringsprogram; • Akkommodasie Meesterplan; • Strategieë om reisaanvraag te bestuur; • Model vir meer effektiewe lewensbestaan ("Better Living Model"); • Die ontwikkeling en implementering van verslagdoeningstelsels vir eiendomsbestuur om die doeltreffende en effektiewe gebruik van onroerende bates van die regering te verseker; • Verbetering van snelwegverkeersknope; en • GVP'e.
Infrastruktuurontwikkeling	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
Voorsiening van landelike vervoerstrategieë en infrastruktuur om landelike ekonomiese en sosiale geleenthede te ondersteun.	1: Administrasie; 3: Vervoerinfrastruktuur; en 4: Vervoeroperasies.	• Geïntegreerde ontwikkelingsplanne (GOP's); • GVP'e; • Saldanha Industriële Ontwikkelingsone (IDZ) – padkonstruksie; • Provinsiale padinstandhouding en padinfrastruktuurprojekte om vloedskade te herstel; • Subsidiëring van geproklameerde munisipale paaie; • Openbare en niegemotoriseerde vervoer (NGV)-projekte; en • PSVP.
Hervormings in die staatsdiens	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
• Versterk die rol van die staat in die ontwikkeling van tegniese spesialisvaardighede om sy kernfunksies te vervul. Ontwikkel toepaslike loopbaanpaaie vir tegniese spesialiste • Ontwikkeling van 'n bekwame en professionele staatsdiens. • Groei en werke, onderwys en vaardighede, en 'n bekwame en ontwikkelende staat.	1: Administrasie; 3: Vervoerinfrastruktuur; 5: Regulering van vervoer; en 6: Gemeenskaps-gebaseerde programme.	• Masakh'iSizwe Beursprogram; • Professionele Ontwikkelingsprogram; • Provinsiale Vragstrategie en Implementeringsplan; • Verbeterde Geografiese Inligtingstelsel (GIS) en inligting oor batebestuur; • Beursskema vir personeel; • Plan vir die ontwikkeling van vaardighede in die werkplek; • Opleiding in die veld van verkeerswetstoepassing; • Uitgebreide Openbare Werke-program (UOWP); en • Vakleerlingskapprogramme.

Hervormings in die staatsdiens	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
Verbeterde verklaring van rolle en toewysing van openbare vervoer verantwoordelikhede aan die laagste bevoegde sfeer.	4: Vervoeroperasies; en 5: Regulering van vervoer.	• PVV; • GVP bestuurskomitees; • Wetgewing oor openbare vervoer; • Toekenning vir openbarevervoerbedrywe (PTOG); • George Geïntegreerde Openbare Vervoernetwerk (GIPTN); en • Stelselverbetering: Provinsiale Regulatoriese Entiteit (PRE).
Infrastruktuurontwikkeling	DVOW-programme	NOP-belynde DVOW-aktiwiteite
Volg 'n minder hiërargiese benadering tot interdepartementele koördinerings, sodat die meeste probleme tussen amptenare opgelos kan word deur daaglikse interaksies.	1: Administrasie; 2: Openbare Werke Infrastruktuur; 3: Vervoerinfrastruktuur; 4: Vervoeroperasies; 5: Regulering van vervoer; en 6: Gemeenskaps-gebaseerde programme.	• Deelname aan program vir die vermindering van rompslomp; • Deelname aan Provinsiale Transversale Bestuurstelsel; • Diensleweringverbeterings-program; • Infrastruktuurleweringbestuurstelsel (IDMS); • Implementering van padinstandhoudingsbestuursplanne; en • Deelname aan gesamentlike beplanning inisiatiewe en die Hele-samelewing-benadering (WoSA).

4.5.2 Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR)

Die nasionale regering het in ooreenstemming met die NOP die mediumtermyn strategiese raamwerk goedgekeur ten einde strategiese leiding te verskaf aan regeringsprogramme gedurende die strategiese plan periode 2014 - 2019. Die MTSR is die eerste vyfjaar-boustene wat bydra tot die bereiking van die visie en doelstellings van die land se langtermyn-NOP. Die MTSR bevat ook sleutelbeleidsinisiatiewe van drie ander regeringsplanne wat bydra tot die NOP-visie, soos geïllustreer in Tabel 5.

Tabel 5: Staatsplanne wat tot die NOP se visie bydra

Nuwe Groeipad	Verskuif die trajeksie van ekonomiese ontwikkeling.
Nasionale Infrastruktuurplan	Begelei die implementering van infrastruktuurprojekte om mense se lewens te verbeter en ekonomiese groei moontlik te maak
Nywerheidsbeleid Aksieplan	Ondersteun die herindustrialisering van die ekonomie.

Die MTSR is rondom 14 prioriteitsuitkomstige gestruktureer en word in Tabel 6 uiteengesit.

Tabel 6: MTSR Prioriteitsuitkomst

Nasionale Uitkoms 1	Gehalte basiese onderwyse.
Nasionale Uitkoms 2	'n Lang en gesonde lewe vir alle Suid-Afrikaners.
Nasionale Uitkoms 3	Almal in Suid-Afrika is en voel veilig.
Nasionale Uitkoms 4	Redelike indiensneming deur inklusiewe groei.
Nasionale Uitkoms 5	Bekwame en vaardige arbeidsmag om 'n inklusiewe groeipad te ondersteun.
Nasionale Uitkoms 6	'n Doeltreffende, mededingende en responsiewe netwerk van ekonomiese infrastruktuur.
Nasionale Uitkoms 7	Lewendige, billike, volhoubare landelike gemeenskappe wat bydra tot voedselsekureit vir almal.
Nasionale Uitkoms 8	Volhoubare menslike nedersettings en verbeterde lewensgehalte in huishoudings.
Nasionale Uitkoms 9	Responsiewe, verantwoordbare, effektiewe en doeltreffende plaaslike regering.
Nasionale Uitkoms 10	Ons omgewingsbates en natuurlike hulpbronne te beskerm en te verbeter.
Nasionale Uitkoms 11	Skep 'n beter Suid-Afrika, 'n beter Afrika en 'n beter wêreld.
Nasionale Uitkoms 12	'n Doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgerigte openbare diens.
Nasionale Uitkoms 13	Maatskaplike beskerming.
Nasionale Uitkoms 14	Nasiebou en maatskaplike samehorigheid.

Die WKR ondersteun die doelstellings van die NOP en MTSR deur middel van sy EenKaap 2040-strategie, wat die planne en optrede van alle departementele rolspelers koördineer ten einde die maksimum sosio-ekonomiese impak uit te oefen.

4.6 Provinsiale strategiese konteks

Die DVOW se programme en aktiwiteite is belyn met die PSOR, die Studie van die Groeipotensiaal van Dorpe in die Wes-Kaap (GPS) en die provinsiale strategiese riglyne wat hieronder beskryf word.

4.6.1 EenKaap 2040

EenKaap 2040 is daarop gemik om 'n meer inklusiewe en veerkragtige ekonomiese toekomst vir die Wes-Kaapstreek te bevorder deur 'n langtermyn ekonomiese agenda te fokus op ses spesifieke oorgange, soos geïllustreer in Tabel 7.

Tabel 7: EenKaap 2040: Spesifieke oorgangsgebiede

Opvoedende Kaap	Elke persoon sal toepaslik gekwalifiseer wees om geleenthede te benut. Sentrums van ekologiese, skeppende, wetenskaplike, sosiale innovering en uitnemendheid.
Ondernemende Kaap	Enigene wat ekonomies aktief wil wees, is in staat om te werk. Entrepreneuriese bestemmings van keuse.
Groen Kaap	Almal het toegang tot water, energie en afvaldiens. Leier en innoveerder in die groen ekonomie.
Verbindende Kaap	Verwelkomende, inklusiewe en geïntegreerde gemeenskappe. Globale vergaderplek en skakel met nuwe markte.

Lewende Kaap	Leefbare, toeganklike, vele geleenthede buurte en dorpe.
	Geëvalueer as een van die beste plekke in die wêreld om in te woon.
Toonaangewende Kaap	Ambisieuse, maatskaplik verantwoordelike leierskap op alle vlakke.
	Wêreldgehalte instellings.

4.6.2 Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk (WKIR)

Die WKIR is 'n langtermyn strategiese raamwerk wat ooreenstem met die EenKaap 2040-visie en tydsraamwerk. Die WKIR sit die nodige veranderings en ontwikkelingsagendas met betrekking tot infrastruktuurvoorsiening uiteen om die EenKaap 2040-oorgange optimaal te bewerkstellig. Gegewe die sektorgebaseerde en institusioneel gefragmenteerde geskiedenis van infrastruktuurbeplanning, definieer die WKIR 'n nuwe benadering tot gekoördineerde en strategiese infrastruktuurbeplanning. Die WKIR is in 2013 goedgekeur en moet hersien word.

4.6.3 Provinsiale Strategiese Doelwitte (PSD'e)

Die WKR het vyf PSD'e ontwikkel vir die strategiese beplanningsperiode van vyf jaar om uitvoering te gee aan sy strategiese prioriteitsareas, in lyn met die NOP, MTSR en EenKaap 2040. Saam vorm die PSD'e die Provinsiale Strategiese Plan (PSP) 2014 - 2019, soos geïllustreer in Figuur 2.

Figuur 2: Provinsiale Strategiese Doelwitte



Die WKR het sekere Lewensomkeerders gekies wat uit die PSP se strategiese prioriteite geneem is. Lewensomkeerders in hierdie konteks word omskryf as uitdagings of

geleenthede wat gefokusde inisiatiewe vereis om transformerende verandering teweeg te bring.

Die skakels tussen die MTSR prioriteitsuitkomst, PSD'e, Lewensomkeerders, die DVOW se Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte (DSD'e) en Begrotingsprogramme word in Tabel 8 uiteengesit. Die Begrotingsprogramme is as volg:

Program 1: Administrasie;

Program 2: Openbare Werke Infrastruktuur;

Program 3: Vervoerinfrastruktuur;

Program 4: Vervoeroperasies;

Program 5: Regulering van vervoer; en

Program 6: Gemeenskapsgebaseerde Program.

Die DVOW neem aan die volgende Lewensomkeerders deel en/of lewer 'n bydrae tot die bevordering van hul aktiwiteite: Projek Khulisa, Energie Sekuriteit, Model vir 'n Geïntegreerde Beter Lewensbestaan, Vakleerlingskappe en Vermindering van Alkoholmisbruik. Die PSP-skakeling met die DVOW se prestasie-omgewing, insluitend die Lewensomkeerders, word in Tabel 8 beskryf.

Tabel 8: PSD-skakels met die DVOW se prestasie-omgewing

PSD 1: Skep geleenthede vir groei en werke			
Departementele Strategiese Uitkomsgeoriënteerde Doelwitte	Program	Bydrae	Bydrae tot Lewensomkeerders
DSD 1: Optimaliseer bemagtiging en werkskepping in die Wes-Kaap.	2	Werksgeleenthede geskep deur provinsiale konstruksie- en instandhoudingsprojekte vir infrastruktuur vir geboue.	Projek Khulisa: • Paaie - Saldanha IOS; • Instandhouding van paaie (ekonomie, toerisme en landbou). Energie Sekuriteit: • Energiedoeltreffendheid in staatsgeboue.
		3	
	UOWP ingesluit in die ontwerp van infrastruktuurprojekte.		
	Werksgeleenthede geskep deur konstruksie- en instandhoudingsprojekte vir paaie.		
	4	Werksgeleenthede geskep deur implementering van openbare en NGV-netwerke.	
		Gesubsidieerde buskontrakdienste en monitering van prestasie.	
